

Registered at the GPO as  
a newspaper

July  
1974

# PRO VERITATE

# PRO VERITATE

CHRISTIAN MONTHLY  
EDITOR: ROELF MEYER V.D.M.

15 JULY 1974  
VOLUME 13 No. 3

## CONTENTS

<b>Editorial:</b>	
Liberation or Reconciliation?	1
The "unbanning" of Manas Buthelezi is symbolic	3
<b>Redaksioneel:</b>	
Bevryding of Versoening?	4
<b>'n Onderhoud met 'n SWAPO-leier:</b>	
Vryheid in God se Naam vir S.W.A.	6
<b>The will to have less</b>	10
<b>Theo Kotze honoured in the U.S.A.</b>	13
<b>Current Affairs:</b>	
Change strides southwards	15
Verkrampste—Explorations	16
<b>Letters to editor:</b>	
Personal commitment to Christ	17
Involvement goes with salvation	17
Vrae en Probleme oor Pro Veritate	18
Die 4e gebod (Sabbat) raak apartheid	19
<b>Weighed and...?/Geweg en...?</b>	23

### FRONT COVER

"MAN IN JAIL", A CHARCOAL STUDY BY J. MOTAU ... FROM "CONTEMPORARY AFRICAN ART."

### VOORBLAD

"..MAN IN DIE GEVANGENIS"—'N HOUT-SKOOLSTUDIE DEUR J. MOTAU ... UIT "CONTEMPORARY AFRICAN ART".

**SUBSCRIPTION** payable in advance: Surface mail S.A. and S.W.A. R3; airmail R4.20; Surface mail African States and Rhodesia R3.50; airmail R6; Seamail United Kingdom and Europe R3.50; airmail R6; Seamail America R3.50; airmail R7. Cheques and postal orders to be made payable to Pro Veritate (Pty.) Ltd., P.O. Box 31135, Braamfontein, Transvaal. Price per single copy 25c.

**NEDERLAND:** Zeepost f 14.50; Luchtpost-edië f 24.50. Alle Betalingen voor Pro Veritate of het Christelijk Instituut voor Z.A. kunnen geschieden op Giro 8685 t.n.v. de Generale Diaconale Raad der Ned. Herv. Kerk te Utrecht—met opgave doel der betaling.

**PLEASE NOTE:** The Editorial Staff of Pro Veritate are not responsible for opinions and standpoints which appear in any article of this monthly other than those in the editorial statements. Printed by: Zenith Printers (Pty.) Ltd., 80 Jorissen Street, Braamfontein, Johannesburg.

**PRO VERITATE** appears on the 15th of every month.



# LIBERATION OR RECONCILIATION?

In September the churches in South Africa together with the All Africa Conference of Churches are to convene a meeting to deal with the future of South Africa with relation to 'liberation, justice and reconciliation'. The preparatory work for the Conference has already been done and the South African Council of Churches will invite virtually all the Christian Churches to take part.

For the Church, and indeed for the whole of South Africa, this is one of the most important events in many years. This gathering and the preparation for it could well result in the Church becoming once more involved in the life of the people in their every-day situation and in so doing fulfilling its God-given vocation. The nature of Christendom is that of an historical gospel concerned in society.

At this stage in the history of South Africa, when it appears that the powers-that-be and their supporters have decided that the only solution in the present situation, and the only means of maintaining the status quo, is the force of roaring cannons and the smoke of gun-fire, the Church may make a Christian breakthrough via this Conference.

In general the *white man* at the moment talks of an orderly society developing along the lines of an ever-expanding multi-nationalism. There are problems, he says, but on the whole public affairs are basically sound. The only thing which has to be faced however is the unfortunate fact that there are those who will not leave South Africa alone to solve her own problems—in particular there are the guerilla-fighters who want to liberate South Africa by violent means and who are branded as 'terrorists' and 'Communists', who want to take over the country. The only solution in this situation and from this point of view is that South Africa must be armed to the teeth against attacks from outside and that absolute and complete control must be maintained from within no matter what the cost.

The role of the Church in this matter is in general that of passive acceptance of the status quo. This means in fact that the Church tacitly approves not only that the violent structure of apartheid must be maintained within the country but also that this violent system must be defended outside the country again with violence. At the moment even the blackman is so indoctrinated that he too is willing to take up arms to defend 'his' land against the 'terrorist' who wants to liberate him.

### **where does the black man stand?**

If one asks how the *black man* sees the situation and is prepared to listen carefully to anyone willing to reveal the ins-and-outs of the matter, he will be sadly disillusioned in regard to the white man. There is hardly *any* black man who supports the government's apartheid policy as it now exists and its application by means of violence and discrimination. Those who do indeed accept it do so with the purpose of trying to attain a position of authority in order thereby to try to change the situation—as do some homeland leaders for example.

If one then should ask why the black man is willing to fight with his compatriots in defence of the system, one receives the answer that the black people find themselves in such a desperate situation of dependence that they simply must comply in order to ingratiate themselves and perhaps thereby improve their general everyday way of life. This means that the white man so rules and controls the life of the black man that he has become a little tin god to him. The black man and everything connected with him has been completely taken possession of.

The irony of the situation is that one cannot so exploit a person's life without in the long run also invoking complete rejection. This is why one black man is reported to have said in relation to the defence of the country that they (the black men) must first learn how to handle weapons in the military defence of South Africa and then come back to fight against the oppressor within.

### **"a revolver at his head!"**

Since the white man has apparently decided that the only solution is by way of violence and many black men are compelled to go along with this idea, the coming Conference of churches is of cardinal importance in allowing the full dimension of the Gospel to be brought to light.

Here again the white man in the church also likes to speak of 'reconciliation' while the black man prefers to speak of 'liberation'. The starting point for the white man usually is that black and white in this situation must be reconciled with each other and that the black man must not stand for polarization. His point of departure as white

man is then that the gospel proclaims love for one's neighbour and the brotherhood of man and if the black man is a Christian he must comply forthwith. And what this boils down to is that he must be meekly submissive and obedient.

The point of departure of the black man however is that as a black man he is trodden underfoot by the white man—after all is not the white man's gun pointed at his head, so that one cannot speak of reconciliation until such time as he is *liberated* from the tyranny of the white man.

In the final analysis apartheid is defined by the white man for the black man in detail and willy-nilly the black man must simply accept it; this then is the "god-given" context according to the white man in which reconciliation must take place. *Within the framework of apartheid* the Church preaches brotherly love, the life eternal, spiritual redemption, forgiveness of sins, and better human relations. If Christians propagate the gospel of the liberation of the black man, they are reviled as 'communists', preachers of the Social Gospel, and their gospel is rejected as false because it is claimed that they are involved in the field of politics.

The vitally important question which comes to the fore and which demands an answer is whether the message of the forgiveness of sins, the life eternal and the crucified Christ is not denied if it is placed within the context of violent apartheid. The message of the acceptance of Jesus as Saviour is surely not merely that of someone who in the long ago died on the cross and who in theory must here and now in this present day save us. The belief in eternal life is surely something more than belief in some pretty-pretty hereafter. Surely the doctrine of the forgiveness of sins relates to something more than a mere moral contravention of man-made laws. Is not such a message a mere *flight from the true Gospel* of the Crucified and Risen Lord which demands from us here and now a radical conversion in our historical lives within the personal and political spheres and within the spheres of Church and State.

Even a newspaper such as Die Vaderland which supports apartheid in theory asks the pertinent question: Where is the prophetic voice of the Church in the political scene? (cf. Haak en Steek: "Speak louder, dominee, we can't hear you.") (Jan van Es: Die Vaderland, 4.6.74).

#### **military training contradictory to the Gospel?**

If the Church were to carry out the message of the *new life* in Christ in South Africa and not just preach a moralistic, escapist, national religion, devoid of commitments and designed to support the rich, powerful, privileged position of the whites, it would in all probability not be necessary to organize a defence programme on a colossal scale requiring a budget of R511-million in preparation for "war".

In truth one of the first problems which must be tackled is that of violence. At the core of the whole violent confrontation Christians, black and white, are expected to defend *the system of apartheid*, even to endanger their lives, on the borders; the Church is expected to invoke God's blessing on their actions. Does this not confront God with a dilemma if precisely the same proposition comes from the other side? The guerilla-fighters also claim that they are fighting in the name of God for the

liberation of the black people from apartheid.

The whole subject of military training and the use of violence for the purpose of killing one's neighbour, of whichever side, is in any case, and to say the least of it, highly contentious since it is open to question in terms of the Gospel of Christ. It is also well known that Christians in general and the Church per se refused in the first three centuries after Christ to have anything to do with military training or compulsory service—let alone fighting.

If the Christians began to refuse to support violence in this situation and the use of violence for defence purposes, it would at once bring to the fore the whole question of obedience to authority. The government and its supporters would immediately say that it remained the duty of the Christian to obey and follow those in authority. In a normal situation such compliance could justifiably be expected but in South Africa where no one is free to lead a normal Christian life and where the government uses compulsion to enforce its will, where it 'plays God' in the political sphere enabling it to control people's lives in every detail, the principle to be considered by the Christian is rather whether a person should obey such a government. To disobey such a government which causes so much hardship, e.g. in preventing married couples and families from living together, when so many people live below the bread line and suffer so bitterly, while at the same time South Africa is such a wealthy country,—to disobey such a government, we repeat, whose actions are so overwhelmingly at odds with the Gospel, would constitute not 'civil disobedience' but rather 'divine obedience'.

#### **is there a relationship between black and white?**

Can one then not speak of reconciliation in this situation? Yes, one can, but only in the real sense of the word; namely that it is not the framework of apartheid but the Gospel itself which must be the foundation and starting point. If the white man would turn away from his passion for riches, privileged position, power and racial pride, if by the grace of God he could be freed from these things, then and then only could there be talk of reconciliation between black and white. Then the white man would want to serve the black man—not to exploit him. Then he would want to share with him—not to control him.

Christ on the cross achieved reconciliation between God and man, and between man and man, so that we could be liberated from evil powers. May the coming conference of churches convened to deal with liberation and reconciliation, play a liberating and reconciling role for the whole of South Africa!

Since it is clear that by far the majority of whites in South Africa, even after the coup d'etat in Portugal and the events in Mozambique, are still blissfully unaware of the true state of affairs viz. that the black man is fundamentally opposed to apartheid and the white man is also unaware of what actually lies ahead in this country, in view of these things, the whole matter has become one of extreme urgency.

Something of the feeling of the black man which may serve as an example applicable in other spheres and in other churches, became clear in a recent exchange of words. A black minister of the N.G. Kerk in Africa was told that some members of the N.G. Kerk were afraid that



the relationship between the so-called mother and daughter church might be upset by the decision of the 100 black N.G. ministers against apartheid. Came the laconic and ironical rejoinder: "What relationship?"!

## THE 'UNBANNING' OF MANAS BUTHELEZI IS SYMBOLIC



The five-year banning order on Dr. Manas Buthelezi, regional director of the Christian Institute in Natal, was lifted on the 19th May because 'a report on his present activities showed it was no longer necessary' according to the Minister of Justice, Mr. J. Kruger (*Rand Daily Mail*, 20.5.74). His banning order had only been in force for six months. Dr. Buthelezi said: "As far as I am concerned I have always been innocent and the lifting of the order is a vindication of my innocence and integrity".

Why was this ban lifted? The official explanation—that a man who in December of last year was categorised as a menace of a communistic type had as if by magic become a redeemed person after six months under harsh restrictions—defies belief.

A few possible reasons why this happened to Manas Buthelezi may be suggested:

- It could have been due to internal and international pressure.
- It could have been that it was necessary that a number of people be banned during the pre-election period to bolster up the impression of the State security being threatened, Dr. Buthelezi being one of the unfortunate number.

- It could have been that the government discovered such a gross error in the 'information' originally placed before it, that it dared no longer sustain the ban.
- It could have been that the government was trying desperately to ease the pressure in South Africa's system at least to some extent after the coup d'etat in Portugal and the events in Mozambique and Angola.
- It could have been that the government's security system was not as effective as had been pre-supposed and that Dr. Buthelezi's departure on his recent overseas trip had occurred so unobtrusively that the government was anxious to cover up its blunder in having allowed a banned person to leave the country.

Whatever the reason for this "unbanning", one is thankful for Dr. Buthelezi's sake for an action which permits him to carry on his Christian work fully, but how disturbing is the thought of the appalling number of similar errors which may have been made relative to the 1 240 South Africans banned since the coming into force of the Suppression of Communism Act.

Since the lifting of his ban he has said important things—among them the following:

- The Church in South Africa has compromised its principles by adapting to the system of separate development.
- Separate development is in direct conflict with the message of the Christian Gospel.
- The central tenet of his philosophy is reconciliation between man and man.
- The white man has not used his position of power to promote reconciliation between black and white in South Africa.

The 'unbanning' of Manas Buthelezi may be seen as symbolic of the whole situation of Southern Africa. *Liberation is coming to South Africa and it is only a question of time before we have a free, non-racial society. But time is running out and a difficult period lies ahead as both blacks and whites must be prepared to work for and accept the coming liberation.* In this task of proclaiming liberation in Christ's name and preparing people for it, the Christian Institute must play its part, small as it may be. This is of vital importance as Christian liberation must come through peaceful and not through violent means.

Manas Buthelezi has said that the lifting of his ban was to him like the raising of a man from the grave. Looking to the future, may his words be both symbolic and prophetic, epitomizing the things to come in South Africa—the rising of our land from its grave of oppression and its emergence into the light of Christ's liberation. ★

# BEVRYDING OF VERSOENING?

Die kerke in Suid-Afrika gaan in September in samewerking met die „All Africa Conference of Churches” 'n vergadering belê om die toekoms van Suid-Afrika met betrekking tot „bevryding, geregtigheid en versoening” te behandel. Die voorbereidingswerk daarvoor word reeds gedoen en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke gaan feitlik al die Christelike kerke uitnooi om daaraan deel te neem.

Vir die kerk en vir die hele Suid-Afrika is dit een van die belangrikste gebeurtenisse in vele jare. Dié byeenkoms en die voorbereiding daarvoor kan tot gevolg hê dat die kerk weer met die lewe van die mense in hulle alledaagse situasie betrokke raak en sodoende begin om sy ware Godgegewe roeping te vervul. Die wese van die Christendom is dat dit 'n historiese evangelie is wat in die maatskappy betrokke is.

Op dié stadium in die geskiedenis van Suid-Afrika waar dit voorkom dat die maghebbers en hulle ondersteuners besluit het dat die enigste oplossing vir die situasie die geweld van die bulderende kanon en die rokende geweer is om die status quo te handhaaf, kan die kerk met dié byeenkoms 'n Christelike deurbraak maak.

Oor die algemeen praat *die witman* op die oomblik van 'n ordelike samelewing wat op 'n ontplooiende veelvolkige ontwikkeling uitloop. Daar is probleme, maar oor die algemeen is die landsake kerngesond, volgens hom. Die enigste probleem is egter ongelukkig diegene wat Suid-Afrika nie wil laat staan om sy eie probleem op te los nie; dit is dan veral die guerilla-vegters wat Suid-Afrika met geweld wil bevry en wat gebrandmerk word as die „terroriste” en „kommuniste” wat die land wil oorneem. Die enigste oplossing vir dié situasie is dat Suid-Afrika tot die tande toe bewapen moet word vir aanvalle van buite af en dat absolute streng kontrole, ten koste van wat of wie ookal, van binne gehandhaaf moet word.

Oor die algemeen is die kerk se rol hierin dié van passiewe aanvaarding van die status quo. Dit beteken dat die kerk dan eintlik stilswygend goedkeur dat nie net die geweldvolle struktuur van apartheid binnelands gehandhaaf word nie, maar ook dat die gewelddadige sisteem met geweld na buite verdedig word. Op die oomblik is selfs die swartman so geïndoktrineer dat hy ook gewillig is om die wapen op te neem om ook „sy” land teen die „terroris”, wat hom wil kom bevry, te verdedig.

### waar staan die swartman?

As 'n mens vra hoe dat *die swartman* sake sien, en jy luister mooi as iemand gewillig is om aan jou die ware toedrag van sake te openbaar, kry jy 'n skokkende ont-nugtering vir die witman. Daar is haas *geen* swartman wat die apartheidsbeleid van die regering soos dit nou bestaan en met geweld en diskriminasie toegepas word, ondersteun nie. Dié wat dit wel aanvaar, doen dit om daardeur in 'n magsposisie te probeer kom om die situasie te probeer verander, soos sommige tuislandleiers byvoorbeeld.

As 'n mens dan sou vra waarom die swartman dan gewillig is om saam te veg om dié sisteem te verdedig, kry jy die antwoord dat die swartmense hulleself in so 'n haglike afhanklikheidsposisie bevind dat hy maar moet meegaan om 'n bietjie meer guns van die blanke te ontvang om sy algemene lewensituasie te verbeter. Dit beteken dat die witman die lewe van die swartman so beheer en oorheers dat hy 'n „god” vir hom geword het. Die swartman en alles wat met homself saamhang is volkome deur die witman in beslag geneem.

Die ironie van die situasie is dat jy egter nooit 'n mens se lewe so kan uitbuit sonder om ook die heftigste verwerping daarvan op die lang duur op te roep nie. Dis daarom dat een van die swartmanne dan ook oor die verdediging van die land gesê het dat hulle eers gaan leer om die wapen te hanteer om Suid-Afrika te verdedig, en terug te kom om dan hier teen die onderdrukker te veg.

### „n rewolwer teen die kop”

Aangesien die witman blykbaar besluit het dat die enigste „oplossing” geweld is en talle swartmense gedwing word om daarmee saam te gaan, is die komende kerkbyeenkoms van kardinale belang om die evangeliese dimensie te voorskyn te laat kom.

In die situasie praat die witman in die kerk dan ook graag van „versoening” terwyl die swartman graag van „bevryding” spreek. Die uitgangspunt van die witman is dan gewoonlik dat swart en wit in die situasie met mekaar versoen moet word en dat die swartman nie vir polarisasie moet staan nie. Sy uitgangspunt as witman is dan dat die evangelie tog liefde vir mekaar en medemenslikheid verkondig en as die swartman 'n Christen is,

moet hy hierdie standpunt summier onderskryf wat daarop neerkom dat hy mooi onderdanig en gehoorsaam in die situasie moet wees.

Die uitgangspunt van die swartman is egter dat hy as swartman op die grond onder die voete van die witman lê met die witman se rewolwer van geweld teen sy kop sodat daar nie van versoening sprake kan wees voordat hy nie van die oorheersing van die witman bevry is nie.

Apartheid is finaal deur die witman vir die swartman uitgespel en of hy dit verkies of nie, hy moet dit eenvoudig aanvaar. Dit is die „godgegewe” raamwerk van die witman waarin versoening dan moet plaasvind. In dié raamwerk van apartheid preek die kerk dan naasteliefde, die ewige lewe, geestelike verlossing, sondevergifenis en beter menseverhoudings. Indien Christene nou met die evangelie van bevryding vir die swartman te voorskyn kom, word hulle afgewys as „kommuniste”, predikers van die Social Gospel, liberales en landsverraaiers, en word hulle evangelie as vals afgewys omdat hulle sogenaamd die politieke terrein sou betree.

Die lewensbelangrike vraag wat hier na vore tree en wat om 'n antwoord roep, is of die boodskap van sondevergifenis, die ewige lewe en die gekruisigde Christus nie juis ten diepste verloën word as dit in die raamwerk van geweldvolle apartheid aangebied word nie? Is die boodskap van die aanvaarding van Jesus as Saligmaker, iemand wat lank gelede aan die kruis gesterf het en wat my nou êrens teoreties moet verlos, die geloof in die ewige lewe, 'n soort soete hiernamaals, en vergiffenis van sonde wat nie kant of wal raak nie, of wat in moralistiese oortreding van mensewette bestaan, nie juis 'n ontvlugting van die werklike evangelie van die gekruisigde en opgestane Heer, wat hier en nou van ons radikale bekering in ons historiese lewe op persoonlike en politieke, kerklike en staatkundige gebied vereis nie?

Selfs 'n koerant soos die Vaderland, wat apartheid in beginsel steun, vra waar die profetiese stem van die kerk in die politieke situasie is. (Vgl. Haak en Steek: „Praat harder, ds., ons hoor jou nie ...”, Jan van Es, Die Vaderland, 4.6.74.)

### „militêre opleiding teen die evangelie?”

As die kerk die boodskap van die nuwe lewe in Christus in Suid-Afrika sou uitdra, en nie slegs 'n moralistiese, wêreldontvluggende, vryblywende volksgodsdiens ter ondersteuning van die ryk, magtige bevoorregte posisie van die blanke nie, sou dit heelwaarskynlik nie nodig wees om op grootskaal met 'n R511-miljoen militêre verdedigingsbegroting vir „oorlog” voor te berei nie.

Om die waarheid te sê, sou een van die eerste probleme wat aangepak moet word, dié van geweld wees. Is die hele gewelddadige konfrontasie, waarvan die Christen, wit en swart, in Suid-Afrika verwag word om die apartheidstelsel met hulle lewe op die grens te verdedig en waarop verwag word dat die kerk die seën van die Here moet afbid, nie Godtergend as presies dieselfde argument ook van die ander kant kom nie? Die guerilla-vegters beweer ook dat hulle in die naam van God vir die bevryding van die swartmense van apartheid veg.

Die hele kwessie van militêre opleiding en die gebruik van geweld om die naaste te dood van watter kant ookal, is in elk geval, om die minste te sê, hoogs twyfelagtig aangesien dit ten diepste uit die evangelie van Christus

bevraagteken kan word. Dit is ook algemeen bekend dat die Christene oor die algemeen, en die kerk as sodanig, in die eerste drie eeue na Christus geweier het om enige iets met militêre opleiding en diensplig te doen te hê, om nie eers van geveg te praat nie.

As die Christen sou begin weier om geweld in die situasie, en die gebruik van geweld om die situasie te verdedig, te ondersteun, sou dit onmiddellik die hele vraagstuk van gehoorsaamheid aan die owerheid na vore bring. Die regering en sy ondersteuners sal onmiddellik sê dat die Christen tog die owerheid moet gehoorsaam en volg. In 'n normale situasie sou dit met reg verwag kan word, maar in Suid-Afrika waar niemand vry is om 'n normale Christelike lewe te lei nie en waar die regering, met forserende mag, „god” in die politiek speel om jou lewe in 'n omvattende sin te beheer, is die beginselvraag vir die Christen eerder of 'n mens só 'n owerheid mag gehoorsaam. Om so 'n regering, wat veroorsaak dat huwelikspare en families nie bymekaar mag leef nie, dat talle mense onder die broodlyn lewe en ly, terwyl Suid-Afrika 'n ryk land is, ongehoorsaam te wees met dit wat so oorweldigend met die evangelie in stryd is, sou nie „siviele ongehoorsaamheid” wees nie, maar eerder „Goddelike gehoorsaamheid” (Hand. 5.).

### is daar 'n verhouding tussen swart en wit?

Kan 'n mens dan nie van versoening in dié situasie spreek nie? Ja, 'n mens kan, maar dan alleenlik in die ware sin van die woord, nl. dat die evangelie die grondslag en uitgangspunt sal wees en nie die apartheidstelsel nie. As die blanke hom van sy sug na rykdom, bevoorregte posisies, mag en rashoogmoed sal bekeer, as hy daarvan deur Gods genade bevry raak, kan daar sprake van versoening tussen swart en wit wees. Dan sal die witman ook die swartman wil dien, en hom nie uitbuit nie; dan sal hy met hom wil deel en hom nie net wil beheer nie.

Christus het versoening tussen God en mens, en mens en mens aan die kruis bewerk sodat ons van die bose magte bevry kan wees. Mag die komende kerkkonferensie wat oor bevryding en versoening belê is, 'n bevrydende en versoenende rol vir die hele Suid-Afrika speel.

Dit is dringend aangesien dit duidelik is dat verreweg die meeste blankes in Suid-Afrika, selfs nog na die coup de'tat in Portugal en die gebeure in Mosambiek, nog salig onbewus is van die ware toedrag van sake hoedat die swartman met sy hele wese teen apartheid in opstand is, en ook onbewus is van wat op Suid-Afrika wag.

Iets van die gevoel van die swartman wat as voorbeeld kan dien, wat ook in ander kerke en op ander gebiede van toepassing is, het duidelik geword toe daar onlangs aan 'n swart predikant van die N.G. Kerk in Afrika gesê is dat sommige in die N.G. Kerk bang is dat die verhouding tussen die sogenaamde moeder- en dogterkerk deur die besluit van die 100 swart N.G. predikante teen apartheid, vertroebel kan word. Sy droë, ironiese opmerking was: „Wat se verhouding?”





# vryheid in God se naam in s.w.a.

'N ONDERHOUD  
MET 'N SWAPO-LEIER

*By die „All Africa Conference of Churches”, wat van 12-21 Mei, te Lusaka, Zambië gehou is, was die fokus op bevryding. Vryheid op die geestelike, politieke, kerklike, sosiale en ekonomiese vlakke met die klem op Suidelike Afrika is as mikpunt gestel. 'n Unieke en merkwaardige feit was dat die guerille-bewegings, soos FRELIMO, ZAPU, ZANU, ANC en SWAPO ook verteenwoordig was, om aan sommige van die groepsbespreking deel te neem.*

*Mnr. Andreas Shipanga wat SWAPO, „South West Africa People's Organization” verteenwoordig het, is by die kongres deur Roelf Meyer, in 'n onderhoud in Engels uitgevra. Die volgende is 'n vertaalde weergawe van die gesprek:*

V.: Mnr. Shipanga, graag wil ek u in die eerste plek vra wie u is, wie u hier by die kerkkonferensie verteenwoordig en hoe dit gebeur het dat u na dié byeenkoms gekom het?

A.: In die eerste plek is ek 'n Namibiaan, (Namibian—afgelei van Namibia), en nou op die huidige oomblik leef en werk ek hier in Zambië. Ek moes my land as gevolg van die politieke situasie, die onderdrukking van my mense, en ook die onderdrukking van myself, wat ek as 'n mens gevoel het, verlaat. Dit is vir my onmoontlik gemaak om in die land van my geboorte te leef omdat ek weet dat ek daar op een of ander manier of ek sou soos baie van my mede-landgenote wat lewenslange vonnisse van tot 20 jaar uitdien, lewenslange tronkstraf opgelê gewees het.

Ek was en is nog steeds 'n leier van SWAPO en dit is so dat ons ondersteuning van baie goedgesinde mense ontvang; mense wat vryheid liefhet, naaste-liefde handhaaf en ook geregtigheid en vrede. Sodoende is my teenwoordigheid by die „All Africa Conference of Churches” deur die uitnodiging van die organiseerders van die vryheidsbeweginge van Suider-Afrika.

V.: Wat is die oogmerke van SWAPO?

A.: Die oogmerke en doelwitte van SWAPO is kortliks die vryheid en onafhanklikheid van Namibia as 'n geheel sodat Namibia 'n demokratiese regering sal kry wat die regte van al sy inwoners ongeag hulle kleur, belydenis, ras of godsdiens sal respekteer.

Tweedens is die oogmerke van SWAPO om toe te sien dat al ons mense, en in besonder die werkers, die persone wat geëksploiteer is, geregtigheid ontvang.

Ek begin in die eerste plek met die werkers, wat onder die dodelike sogenaamde kontrakstelsel werk. Dit is die mense wat aan die markte verkoop word deur die „South West Africa Native Labour Association”, wie se maatskappy gedeeltelik deur die regering van Suid-Afrika en deur die „Mining Industries” en „Farmer Unions” besit word. Dit moet beëindig word sodat die werkers 'n reg moet hê volle regte in vakunies en ander regte sodat hulle volle arbeiders in die ware sin van die woord kan word.

In die tweede plek is ons mense, wat saamgehoek is in semi-woestyn areas wat as Naturelle-reserwes bekend was en nou as Bantustans of Tuislande, beroof van enige betekenisvolle inkomstes omdat hierdie gebiede gewoonlik oorbevolk is.

Ons glo dat Namibia 'n groot land is; dit is 'n reuse land met 'n baie klein populasie, vol natuurlike grondstowwe, wat kan maak dat elke mens wat daar lewe, ongeag sy kleur, ras en godsdiens, 'n behoorlike lewe kan lei. Hierdie en baie ander oogmerke is die doelwitte waarvoor ons in Namibia veg.



## HOEVEEL IS CHRISTENE?

V.: Mnr. Shipanga, het u Jesus Christus as Heer en Verlosser aangeneem, met ander woorde is u self 'n Christen?

A.: Ek is reeds die derde geslag in die Christendom, d.w.s. in my familie. Ek is 'n Lutheraan wat my godsdiens betref en ek is as 'n leke-prediker in my kerk georden.

V.: Is baie van die guerilla-vegters ook Christene?

A.: Ek kan sê dat 90% van al ons lede en ons vegters almal Christene is.

V.: Vir die kerk in die algemeen is geweld 'n probleem. Sommige verwerp die geweld in die struktuur van apartheid in Suid- en Suidwes-Afrika (of Namibia), maar hulle verwerp ook vanuit die Christelike standpunt, revolusionêre geweld. Het u inderdaad besluit dat Christene geweld as sodanig as 'n beginsel kan steun?

A.: Wel, ek dink dat ek steeds daarvan oortuig is en dit is die rede waarom ek nog steeds 'n Christen is. As Jesus vandag sou geleef het in 'n situasie waarin ons mense leef, in die onderdrukking wat ons ondervind, sou Hy self nie kon aarsel om revolusionêre geweld op te neem teen die gewettigde geweld van 'n staat nie en so is daar geen vraag oor geweld nie.

Wie verlang geweld in die eerste plek? Die probleem wat die Christene en ander mense werklik konfronteer, is dit dat wanneer 'n regime families doodmaak, vermink en opbreek en ook duisende kinders elke jaar 'n hongerdood laat sterf, kom die vraag op of dit nie geweld is nie. Dit word oor die hoof gesien, dit is die regering se eie sake, maar as die onderworpenes, die verdruktes wapens opneem om homself te bevry, dan is dit klaarblyklik volgens baie Christene se aanvoeling, geweld.

Ons is egter oortuig dat ons beide in Namibia en in Suid-Afrika altyd geregeer is deur 'n gewelddadige regeringsorde en as hulle, wat in Suid-Afrika regeer, ons selfs terroriste noem, is ons nie terroriste nie; ons ken die eintlike terroriste; ons ken hulle wat selfs die barbaarse magte van die Nazisme en Fascisme van Duitsland en Italië ondersteun het. Hulle het selfs die installasies binne hulle eie land opgeblaas en nou noem hulle ons terroriste.

Ons is nie baie besorg oor hulle nie, maar ons weet dat ons 'n sending het om ons mense ligaamlik en ook geestelik te bevry, en daarom sal ons met al die middele tot ons beskikking veg. As dit moontlik sou wees, sou dit vreedsaam wees; as daar enige vredevolle oplossing sou wees, soveel te beter, maar ons weet dat die mense waarmee ons te doen het nie gewillig is om 'n swartman as 'n mens te aanvaar nie en dan is die enigste weg daaruit om vir ons eie heil te veg.

## KOMMUNISTIESE INFILTRASIE?

V.: Ons in Suid-Afrika hoor dikwels dat daar Kommunistiese infiltrasie in die guerilla-bewegings is en dat selfs baie van hulle Kommuniste is, en dat die Kommunistiese lande agter die bewegings is om Suid-Afrika oor te neem. Is dit waar?

A.: Wel, laat my sê dat ons onderdrukkers in Suid-Afrika inderdaad graag wil hê, (en ek is seker, bid in die geheim daarvoor), dat alle swartmense Kommuniste sal word. Dit is hulle wensdenkery en dit is waarom prominente Christene, ja, ware Christene soos die ontslape hoofman Albert Luthulie op grond van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme ingeperk was. Ook baie ander prominente Christene is op grond van die Kommunisme-wet ingeperk. Kommunisme in Suid-Afrika is enige iets wat teen onderdrukking, teen apartheid is. Gevolglik is ek seker dat selfs Jesus Christus 'n Kommunist sou word in die oë van dié wat nou in Suid-Afrika regeer.

Kan ek een ding sê en dit is dat ons as Christene ons verantwoordelikhede ken en niemand kan sê dat ons organisasie, SWAPO, Kommunisties is.

Wel, miskien hoor u dat ons wapens wat ons teen die sisteem gebruik van Kommunistiese lande afkomstig is. Wel, wat ons betref, weet ons dat geen ander Westerse land ons hierdie wapens kan gee nie en dit oor verskeie redes; in die eerste en vernaamste plek as gevolg van hulle belegginge; in die tweede plek hulle bande wat hulle met hulle 'familie' aanvoel; en dan natuurlik ook derdens hulle ekonomiese verbintenisse met die regime van Suid-Afrika.

Vir ons egter, is 'n geweer, of dit deur 'n Kapitalis of 'n Kommunist vervaardig is, eenvoudig 'n geweer en dit is in hierdie gees dat ons enige geweer vanaf enige plek, selfs vanaf Suid-Afrika, sal neem; ons gebruik dit eenvoudig as 'n geweer.

V.: Is daar inderdaad Kommuniste wat saam met u veg?

A.: Dit kan nooit gebeur nie. Ons bevry onself en ons het inderdaad in Namibia, in die Kaprivi en in Ovambo-land, ens., geopereer en waarom het hulle dan nie 'n enkele Sjinees, wat hulle 'n Rooi Sjinees noem, of 'n Rus, of so iemand gevang nie? Aangesien hulle tog gewis van ons vegters vang, waarom het hulle dan nie die sogenaamde Kommuniste gevang na wie hulle so uitsien nie?

Ek kan nie vir ander vryheidsbewegings praat nie, maar ek praat van SWAPO en dit bevestig ek duidelik, as 'n uitvoerende lid van SWAPO, en ek ken al my kollegas, lede en vegters, dat ek met 'n skoon gewete kan sê dat ons geen Kommuniste het nie; in SWAPO is daar nie Kommuniste nie en dit is verseker. Dit is so omdat in SWAPO selfs die konstitusie ons lede verbied om aan ander

afsonderlike organisasies of politieke formasies te behoort.

## DIE WITMAN SE TOEKOMS?

V.: Indien die bevryding van Suider-Afrika volgens u, soos u dit verstaan, slaag, wat sal die plek van die witman wees? Sal u hom uit die land verdryf, of sal u hom as 'n deel van die gemeenskap aanvaar?

A.: As ons van bevryding praat en oor die rede waarom ons vryheidsvegters is, het ons sekere beginsels. Ons sien 'n mens as 'n mens aan en ons kyk nie eenvoudig na die kleur van sy vel nie. Sovêr ek weet is daar nie sprake daarvan in die vryheidsbeweging nie en ook nie mense wat in terme daarvan praat om die witman in die see te jaag nie.

Christians and Churches are not abstract entities. They are involved in history. They are part of society. Usually the Churches profess to be neutral in a given society or political situation, but neutrality means that they have actually ranged themselves on the side of the status quo, the existing order. In so doing the Churches have opted for the power elites against the masses, the oppressors against the oppressed.

This can be the reason that when one speaks of conversion, a personal commitment to Christ and holiness, some, especially the young, would regard this as irrelevant because they see it in the context of the traditional "neutrality" and "lack of involvement" of the Churches in society and politics. As I have pointed out in this month's editorial "Liberation or Reconciliation?" it is even dangerous to speak of "forgiveness of sins" in the context of the apartheid structure.

This might not seem relevant to your letter, but I mention it because I know that this is a part of the background of your experience.

As Christ became flesh, and as He became involved in this world, we must accept him as Lord and Saviour *and* as Paul so aptly put it, we must work "... that the universe, all in heaven and on earth, might be brought into a unity in Christ" (Ephesians 1:10).

May God bless you in your Christian life.

—Roelf Meyer.

## VRAE EN PROBLEME OOR PRO VERITATE

Geagte heer,

Ek wil my aansluit by professor A.M. Hugo, met sy skrywe in Pro Veritate van Maart, bl. 13, waar die geagte professor kapsie maak veral teen Spro-cas; en as ek reg begryp het, staan Pro Veritate vader vir Spro-cas.

Wat myself betref het ek in die verlede baie belang gestel in die Christelike Instituut en sy lyfblad PRO VERITATE. Maar hierdie belangstelling het die laaste tyd laagwatermerk bereik. Prof. Hugo het dit veral teen die losbladje van Spro-cas, maar PRO VERITATE is gewis ook nie meer die blad wat ek geken en ondersteun het nie. Met die leesstof en strekking van die blad in die jongste tyd kan ek my glad nie vereenselwig nie en daarom voel ek net soos prof. Hugo dat ek maar moet uitskei indien die blad nie 'n ander geluid laat hoor nie.

Vir my hou die blad, wat tog die mondstuk van die C.I. is, met sy huidige opset, niks goeds vir ons land se mense, blank sowel as nie-blank, in nie, omdat soos dit vir my deurskemer, hy meer bekommerd is oor die ekonomiese welvaart van die swartman as oor sy sieleheil, en dis juis hier waar die blad begin mistas het en die regte koers verloor het.

Wyle vader Kesstel het dit so treffend gestel: Die redding van 'n volk is die redding van die siel. Wat betref die ekonomiese sy van hierdie saak is daar seker nie 'n bevolkingsgroep in die hele wêreld met 'n gunstiger groei as juis ons nie-blankes nie; die blad Pro Veritate se huidige opset dra gewis nie by om waardering by hierdie mense te kweek nie; nee *gewis* nie, veel meer sal dit ontevredenheid en *onrus* in die hand werk.

Onder PERSVRYSTELLING VAN

VERKLARING van PREDIKANTE oor APARTHEID bl. 23 en 24 ook in die Maart-uitgawe word artikel 36 van ons Nederlandse Geloofbelydenis aangehaal, asook Hand. 5:28-29, nl: Ons moet God meer gehoorsaam as die mens. Ek is maar 'n leek, maar hierdie aanhaling is vir my gewis misplaas; hier het dit gegaan oor die verkondiging van die Here Jesus se evangelie as die Seun van God, die Verlosser van sondaars, en NIE oor apartheid nie.

Die huidige beleid met al sy gebreke het nog niemand in die weg gestaan om die HERE JESUS as die enigste WOORD van GOD te verkondig nie. Is ek reg of verkeerd?

Net soos u nie van die welbedoelde skrywe van prof. Hugo gehou het nie en vir hom 'n les probeer leer het, so neem ek aan sal dit ook met hierdie skrywe gaan en tog vra ek beleefd vir plasing. As ek breedvoerig sou ingaan en al my besware op skrif sou stel, sou dit bladsye vul, maar genoeg.

Vergun my 'n persoonlike vraag. Uit betroubare bron het ek verneem dat u as gewese leraar van die N.G. Kerk nie juis die heiliging van ons Sondag ernstig opneem nie? Ek dink u is 'n verduideliking aan die lesers van u blad verskuldig.

Nog 'n vraag. Wat is nou eintlik verkeerd met apartheid? Vir drie honderd jaar en meer word dit gehandhaaf. Dit was, soos u self weet, die behoud van eie identiteit van die blankes sowel as die nie-blankes. Ons weet wat die vrugte was van sendingwerk waar die werkers apartheid oorhoord gegooi het.



U blad mag die afgewaterde beleid van die huidige regime verdoem omdat hulle dit as 'n vreesaanjaende wapen gebruik het in hulle politieke strydkreet, maar nie as iets uit die borse nie. Ek twyfel daar baie sterk aan dat die Woord van God nie vir ons ons volkseie gun nie. Mnr. die Redakteur, u blad mag besware hê teen kerk-

like apartheid, maar u kan dit nie afwys nie.

Teleurgesteld,  
die uwe,

A.J.J. BURGER

## DIE 4e GEBOD (SABBAT) RAAK APARTHEID

Mnr. Burger raak die volgende sake aan waarop ek wil antwoord:

1. Spro-cas
2. Swart N.G. Predikante verwerp apartheid
3. Die siele-heil van die swartman
4. Wat is met apartheid verkeerd?
5. Die heiliging van die Sondag.

1. *Spro-cas*. Pro Veritate het nie „vader gestaan” vir Spro-cas nie. Spro-cas was 'n onafhanklike projek, wat teen die einde van 1973 beëindig is en wat deur die Christelike Instituut en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke geborg was. Die Program vir Sosiale Verandering is 'n volledige onafhanklike program wat as uitvloeisel uit Spro-cas tot stand gekom het.

Dit was oor Spro-cas en die Program vir Sosiale Verandering waarvoor prof. André Hugo sy besorgdheid uitgespreek het en *nie* oor Pro Veritate in sy skrywe in die uitgawe van Maart 1974 nie. Hy sê immers in dieselfde skrywe: „Ek wil ook graag 'n uitsondering maak vir die blad Pro Veritate, wat nog altyd, van die begin af, 'n vaste koers gevaar het.” Mnr. Peter Randall het namens die twee projekte, Spro-cas en die P.S.V., op prof. Hugo se brief geantwoord.

2. *Die verklaring van die Swart N.G. predikante*. Pro Veritate het die verklaring van die honderd swart predikante waarin hulle „apartheid” as sodanig verwerp as 'n gewone nuusitem gepubliseer. Dit lyk dus vir my of dié predikante op u gedagtes oor die inhoud van hulle verklaring moet reageer as hulle so sou verkies. Ek het my interpretasie, soos ek dit van buite af beoordeel het, in die inleidingsartikel van die November 1973-uitgawe van Pro Veritate weergegee.

3. *Die sieleheil van die swartman*. Veel van wat ek in die inleidingsartikel, „Bevryding of Versoening?”, in hierdie uitgawe geskryf het, asook die antwoord op die Engelse brief in hierdie uitgawe, is hier van toepassing en ter wille van ruimte gaan ek dit nie herhaal nie. Ook verwys ek u na die inleidingsartikel van Pro Veritate, Februarie 1973, waar ek die evangelie teenoor apartheid gestel het as antwoord op u vraag wat eintlik met apartheid verkeerd is. Dié uitgawe pos ek afsonderlik aan u.

Graag voeg ek die volgende kort gedagtes daarby. U sê dat ekonomiese groei van die swartmense die beste in die wêreld is. Deskundiges wys volgens wetenskaplike

verslae daarop dat in plekke soos Soweto, (Johannesburg), die grootste swart stad in S.A., van 50% tot 75% onder die broodlyn lewe en dat die meeste van die siek kinders eintlik aan ondervoeding ly. Hulle wys ook daarop dat in sommige sg. tuislande en „hervestigingsgebiede” tot 50% van die klein swart babas sterf as gevolg van armoede. En dit terwyl die loongaping tussen swart en wit nog steeds op baie terreine groei en nie krimp nie. In S.A. vind jy oor die algemeen die ryk blanke langs die arm swartman, wat sonder basiese Godgegewe lewensregte op die gebiede van trekarbeid, werkreservering, eiendomsbesit (grond en huise), bewegingsvryheid, ens., ens., is. Dit laat 'n mens aan die gelykenis van Jesus oor die ryk man en Lazarus dink. Christus het gekom om die hele mens in al sy lewensverbande te verlos (vgl. Luk. 4)—geestelike verlossing sluit die hele lewe in.

4. *Die „heiliging van die Sondag”*. Dit is onmoontlik om kortliks hierop te antwoord en daarom meen ek dat dit 'n goeie doel kan dien om die belangrikste punte in my twee briewe, wat in die *Kerkbode*, offisiële orgaan van die N.G. Kerk op 7 Oktober 1970 en 14 Oktober 1970 verskyn het, weer te gee. Die briewe was 'n antwoord vanuit die evangelie op dr. Nik Lee se skrywes oor die „heiliging van die Sabbat.”

7 Oktober 1970:

GEEN SABBATDAG MEER NIE

*Ds. R. Meyer, Bulawayo:*

„Die reeks van 10 artikels van dr. N. Lee oor die „sg.” „Christelike Sabbat” in *Die Kerkbode* van 4 Maart tot 13 Mei en ook weer die artikel in die uitgawe van 5 Augustus verdien dringende aandag. Die siening van die skrywer is na my mening 'n wesenlike aantasting van die evangelie van Jesus Christus.

Volgens dr. Lee is dit juis die tien gebooie—in teenstelling met die seremoniële res van die wet, wat vervul en weggeruim is—wat permanente betekenis het. Dit is vir hom o.m. 'n belangrike rede om te konkludeer dat ons nog die Sabbat moet hou.



Daarteenoor moet gestel word dat die Sabbat in Christus vervul is en in die N.T. ná sy koms nie meer gehandhaaf word nie. Die tien gebooe, of tien woorde, was deel van die verbond wat God met Israel vir 'n bepaalde tyd, in 'n bepaalde kring van mense en met 'n bepaalde doel, om Christus se koms voor te berei, gemaak het. 'Met ons vaders het die Here hierdie verbond nie gesluit nie ...' (Deut. 5:4). Die 'tien woorde' was deel van dié verbond (Deut. 4:13). Daarom is die tien gebooe, as grootheid op sigself, nie algemeen- en altyd-geldende besit nie. Die Bybel self verander dele van die tien gebooe (vgl. Dr. A. König: Sondag die dag van die Here). Die tien gebooe staan nooit geïsoleerd nie (Kuyper). Die ou verbond van die letter wat die tien gebooe insluit, is afgedaan en die nuwe verbond van die gees het in die plek daarvan gekom. Jesus Christus het 'n einde aan die eise van die letter van die wet gemaak! (Prof. Groenewald: Komm. 2. Kor. 3).

Christus het gekom om die hele wet te vervul. Vervulling daarvan beteken nie net formele aanvulling nie (Jeremias), maar die ganse wet ontvang sy bestemming in Christus (Polman), en dit is 'n afgehandelde werklikheid (Van Ruler). Die vraag is of die wet van God nie juis vernietig word as dit volgens die letter geïnterpreteer word nie! (Ridderbos).

In die ou verbond was die ontmoetingspunt tussen God en die mens op verskillende maniere. Vergelyk heilige persone (priesters), heilige handeling (besnydenis en offers), heilige plekke (tempel), heilige tyd (Sabbat), die heilige norm (tora) en heilige volk (Israel). In die nuwe verbond spreek God in en deur die Seun (Hebr. 1:1). Daarom word nie meer by die tempel aanbid nie, maar in gees en in waarheid (Joh. 4:20, 24). As iemand hom weer laat besny, is Christus tot geen nut nie (Gal. 5:2). Nie meer 'n „heilige volk' nie, maar „elke nasie', want Christus het die „toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra' (H. Kat. vr. 37, Mark. 16:16). Christus is nou die norm, die weg, waarheid en lewe' (Joh. 14:6).

Ook nie meer heilige dae nie, want „vandag' (vanaf Christus se koms tot sy weerkoms) is „die dag van ver-

lossing' (2 Kor. 6:2, Hebr. 4:7). Daarom sê Paulus: „Julle neem dae ... waar. Ek vrees dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het' (Gal. 4:10, 11)!

Dr. Ridderbos stel in sy kommentaar oor Kol. 2:14 en 16 die volgende: „Intussen kan men niet zeggen, dat Paulus deze (de cultisch-ceremoniële verordening), en de z.g.n. morele voorschrifte een onderscheidt maakt, als hy tegenover de wet de genade stelt en Christus de einde der wet noemt, Rom. 10:4.' En ook: „Dat Paulus aldus over de Sabbat schrijft, bewijst dat voor hem het vierde gebod van die dekalog geen doorgaande betekenis had ... dat de viering van de eerste dag der weeks ... niet als de nieuwtestamentiese prolongatie van de oud-Testamentiese sabbat beskouwd werd.' Prof. Müller (Die brief aan die Kolossense) sê: „Met die skuldbrief (aan die kruis) word die wet bedoel, en in die besonder ook die seremoniële wet ...' En: „In die lig van die kruis verloor die wet sy bestaansreg ...' En: „Die heilige dae van Israel het heengewys na Christus, is in Hom vervul ... en is deur sy koms van hulle verdere waarde en betekenis ontdoen.' (2:14, 17). „Die wet en die profete was tot op Johannes.' (Lk. 16:16)

In die kerkleer (N.G.B.) word ook nie tussen seremonieel en moreel (die tien gebooe) as verbygaande en blywend 'n teenstelling gemaak nie, maar wel tussen skaduwee in die O.T. en werklikheid in die N.T. (Polman, van Minne, Visser). Die Sabbatdag was die skadubeeld van die ware rus van God en Christus die werklikheid (Kol. 2:16, 17).

Calvyn sê: „Hy (Christus) is die vervulling van die Sabbat. Dus moet die bygelowige onderhouding van dae ver van Christene af wees.' Hy noem die verskuifde Sabbat na Sondag, beuselpraatjies van valse profete' (Institusie 2-8/33). Die outentieke Pfaltzse uitgawe van die Kategismus het nie die woord „Sabbat' in onder die vierde gebod nie. Die kerkleer handhaaf nie meer die Sabbatdag nie, maar trek die vierde gebod na al die dae van my lewe, as rus van die sonde, deur!

Omdat die term „ewige Sabbat', wat dr. Lee gebruik, nie in die Skrif voorkom nie, verval sy konstruksie van 'n blywende Sabbatdag as teken van 'n „ewige Sabbat'. Dr.





Lee gebruik ook die term Sabbatdag as rusdag vir God, wat ook nie in die Skrif voorkom nie. Die Sabbatdag word alleenlik vir die mense onder die ou verbond gereserveer. Dr. Lee neem nie die onderskeid tussen die Hebraëuse woorde sjabbat (ophou) en noeach (verlustig, rus) in ag nie. God het aan die einde van die sesde dag opgehou met sy besondere skeppingswerk (sjabbat) om op die sewende dag (en verder) hom te verlustig in sy werk (Menoecha) en om voort te gaan met sy onderhoudingswerk. Van hierdie ware rus (noeach) van God ontvang die mens in die O.T. die Sabbatdag (sjabbat) as teken, omdat hy gesondig en die rus verloor het. In Christus word dié rus weer aan die mens teruggegee. Om nou weer 'n Sabbatdag ná Christus in te stel, is, 'n wet zonder Evangelie' (Berkouwer).

In Christus het nóg die legalisme (valse handhawing van die wet), nóg die libertinisme (losbandigheid van die vlees) enige krag, maar slegs 'n nuwe skepsel! (Gal. 6:15, 2 Kor. 5:17). Daarom mag 'n gelowige nie gevra of verplig word om 'n Sabbatdag te hou nie, al is dit 'n sg. 'Christelike Sabbat' (vgl. 'n Christelike besnydenis), maar Jesus Christus moet 'vandag' as gekruisigde en opgestane Verlosser verkondig word!"

14 Oktober 1970

### DIE BLYWENDE BETEKENIS VAN DIE VIERDE GEBOD: ARBEID EN RUS

„Omdat dr. N. Lee se gedagtes oor die sg. 'Christelike Sabbat' in my vorige brief negatief afgewys is, wil ek ook graag die positiewe oor die vierde gebod stel. (In dié skrywe laat ek die Sondag as opstandingsdag, as aparte onderwerp, buite rekening.)


Die gelowige ken alleenlik 'n vervulde wet in Christus. Die tien gebooie is egter as skadubeeld 'n lokale, beperkte en afgeraamde uitdrukking van God se permanente wil vir die mens. Ná Christus se koms het die tien gebooie nie meer 'n letterlike sin nie, maar 'n geestelike (Prof. Groenewald: Komm. 2 Kor. 3).

As die liefde, wat deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort is (Rom 5:5), nou die vervulling van die wet is (Rom. 13:10), kan met reg gevra word wat die vervulde praktiese sin van die tien gebooie is. Nou is die vraag, oor bv. die vierde gebod, nie meer oor hoe ek die Sabbatdag moet hou of op watter dag val die Sabbat nie, maar hoe ek God en my naaste, met betrekking tot arbeid en rus, kan liefhê en dien!

Die betekenis en sin van die wet is die liefde (agape) (Brunner). Vir die gelowige vind die liefde gestalte in die konkrete geestelike sin van die tien gebooie (Berkouwer). Die tien gebooie word nou paradigmas (vorme) van die liefde (Brunner). Teenoor die antinomianiste (bv. Agricola, wat die wet vir die Christen verwerp), het Luther die wet as reël van dankbaarheid gehandhaaf. Ná Christus is daar egter nie weer 'n herinstelling van die wet naas die genade nie, maar die rykdom van die genade (Berkouwer).

Wat wil God dan van ons vra in die permanente geestelike sin van die vierde gebod? Die Kategismus gee 'n antwoord, naamlik dat ons nou *al die dae* van ons lewe van die sonde moet rus. Dus, die vervulling slaan nou op *ál die dae*. Dit moet ons daarteen laat waak om nie Sondagschristene, maar Maandagsheidene, te wees nie. Die tweede deel van die antwoord, nl. dat ons *al die dae* van ons lewe *van ons bose werke moet rus*, slaan egter ook op al die ander gebooie. Ek moet ook elke dag van my leuens, diefstal, ens., rus.

Die Kategismus put, volgens my beskeie mening, nie die diepte van die vierde gebod oor arbeid en rus uit nie. Die vierde gebod gaan in wese oor die arbeid (ekonomie) en die rus (vrye tyd, vermaak) en die probleme daaromheen. Vir Israel wou God reeds leer dat hulle verlos is van die slawe-arbeid onder die Egiptiese juk! God sou vir hulle 'n sinvolle arbeidsbestel gee! Christus se woorde dat die Sabbat vir die mens gemaak was, toon ons dat ons uit die guns van God kan leef en ons nie angstig met 'n aanhoudende geworstel met die materiële moet besig hou nie. Tevergeefs dat ons vroeg opstaan, laat opbly ... (Ps. 127). Christus sê o.a. dat ons ons nie moet kwel oor die lewe (voedsel, klere) nie (vierde



gebod). Die lewe is meer as die materiële. Paulus sê: „As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie” (2 Thes. 3:10, vierde gebod).

Die mens word weer as beeldraer van God geroep. Hy moet arbeidende, skeppende, vormende en tog ook vrye, blye, heersende mens oor die skepping wees! Só moet ek ook my naaste („dienskneg en diensmaagd”) laat lewe. Ons en ons naaste moet sinvol werk (arbeidsvreugde), en sinvol ontspan (lewensvreugde).

Calvyn stel dit aangrypend: „De hoofdinhoud (vierde gebod) is: zooals den Joden de waarheid geleerd werd onder een beeld, zoo word ze ons zonder schaduwen aangeprezen: ten eerste, dat wij ons geheele leven lang een voortdurende rust van onze werken beoefen, opdat de Here daardoor in ons door zijn Geest werke.” Verder: „... dat wij hen, die ons ondergeschikt zijn, niet onmensdelijk met werk overluden” (Institusie 2-8/34).

Dis opmerklik dat die twee wêreldoorloë, met hul skrikwekkende gevolge, basies vanweë ekonomiese vraagstukke ontstaan het. In een flits, skerper as ’n duisend sonne, het derduisende mense in Nagasaki en Hiroshima met die ontploffing van ’n atoombom gesterf. Is daar nog sin in die arbeid (bomvervaardiging)? Is daar nog arbeidsvreugde, verlustiging?

Die opdrag kom in die vierde gebod tot ons om in ons arbeid en vrye tyd in Christus koninklik te leef en te laat leef!

Christus het tot die dood toe aan die kruis gewerk en sy werk sinvol ‚volbring’. Hy verlustig hom in en ‚rus’ in sy voldane arbeid, want ‚Hy sien ’n nakroos’ en kry ’n ‚deel onder die grotes’ (Jes. 53). Laat ons ook in Hom arbeien en rus. En laat ons ook steeds die vierde gebod se gebed vir ons en ons naaste bid: ‚Onse hemelse Vader, gee ons vandag ons daaglikse brood!’ ”

Hierby sou ek vandag graag wou byvoeg dat apartheid as lewenswyse ooreenstem met dit wat deur die

evangelie (volgens die vervulde betekenis van die vierde gebod) verwerp word. In apartheid word die swartman hoofsaaklik as arbeidsmasjien gesien sonder om hom as gelykwaardige mens op alle gebiede as naaste en broer te aanvaar en wat Christus se kerk, politieke mag, dieselfde geleenthede en alle Godgegewe menseregte met ons moet deel.

Aangesien Pro Veritate vir dialoog op ’n Christelike basis staan, is ons steeds gewillig om iemand se standpunt te publiseer en daarvoor ’n dialoog te voer. Moontlik moet ons egter een spesifieke saak per keer aanpak.

Mnr. Burger, ek kan u oor Pro Veritate in die algemeen gerus stel. „Pro Veritate” staan „Vir die Waarheid” in Jesus Christus en ons sal altyd bereid wees om dialoog te voer indien iemand ons standpunt *op grond van die evangelie van Jesus Christus* afwys.

—Roelf Meyer



# WEIGHED AND ...?

## HAAK EN STEEK

### PRAAT HARDER, DS., ONS HOOR JOU NIE...

WAT IS die Kerk se taak ten opsigte van ons land se verhoudingsprobleme? Hierdie vraag is na vore gebring in Morkel van Tonder se SAUK-program „Rekenskap”. En dis geen nuwe vraag nie. Dis 'n vraag wat al jare lank deur denkende mense gestel word.

Het die Kerk nie dalk 'n groter verantwoordelikheid in hierdie saak as wat tot dusver geblyk het nie?

Dit bly natuurlik 'n moeilike kwessie. Die Kerk wil nie die Staat regeer nie en die Staat wil nie die Kerk ignoreer nie. Dit is die uiterstes van die saak. Maar iewers tussenin is daar tog sekerlik 'n eerbare middeweg.

### Ironies

'n Mens vind dit ironies dat daar in 'n tyd soos die waarin Suid-Afrikaners ceueoue lewenspatrone moet verander om aan te pas by nuwe omstandighede—dat die Kerk in so 'n tyd verkies om te swyg. Want hierdie lewenspatroon wat moet verander het in hul kern juis te make met die mens in sy verhouding tot sy naaste; met reverdigheid en met die Christelike gewete.

Wie dus wil kom sê ja, maar jy praat nou van politiek en die Kerk moet sy hande skoon hou van politiek—so iemand probeer met woorde goël.

Politieke standpunte spruit voort uit 'n lewensopvatting en jou lewensopvatting word bepaal en gevorm deur die Woord van God. Hoe dikwels wys die Kerk ons op ons plig teenoor die Swartman—nie net teenoor sy siel nie, maar ook teenoor sy praktiese lewensomstandighede.

### Wanklanke

Hier is nog 'n groter vraag. 'n Knapsekêrel van 'n vraag. Het ons al die Kerk hoor maan oor sekere rigtings, wendings, wanklanke in ons amptelike politiek?

Nie waarvan ek kan onthou nie.

Moet 'n mens daaruit aflei dat letterlik alles wat die

Regering doen of besluit die Kerk en dus ook God se seën wegdra? Dit moet 'n uitermate geseënde en benadigde Regering wees wat so iets in so 'n moeilike tyd soos ons s'n regkry.

As dit nie so is nie—as die Regering dan al wel ingegaan het teen die beginsels wat 'n Christelike gewete neerlê, hoekom het die Kerk geswyg? As die volk 'n houding ingeneem het wat bots met die algemeen aanvaarde Christelike beginsels—sou die Kerk dan standpunt ingeneem het op die gevaar af dat hy baie mense van hom sou vervreem?

Bestaan daar nie 'n gevaar dat die Kerk 'n saamryer kan word wat ter wille van gewildheid sy duurste pligte versaak nie? Is dit nie juis dan wanneer die Kerk geneig is om sy toevlug te neem tot „hoë, edel-klinkende waarhede waarin almal glo” nie?

### Susterkerke

Ek dink ons het die Afrikaanse Kerk jare lank onwetend geïntimideer.

Dit het gewild geword om te sê „'n Afrikaner is Blank, hy stem Nasionaal en hy behoort aan een van die drie susterkerke”.

Dit was natuurlik 'n skewe waarheid. Ek ken goeie Afrikaners wat Sap stem. En net sulke goeie Afrikaners wat nie aan een van die susterkerke behoort nie. Ek ken voorbeeldige Rooms-Katolieke Afrikaners.

Maar deur Afrikanerskap te koppel aan die drie susterkerke en terselfdertyd ook aan 'n spesifieke politieke party, het ons assosiasies bewerkstellig wat vir die Kerk alles behalwe gesond was.

Dit word vandag aanvaar dat die drie susterkerke die Nasionale Party goedgesind is. Sou die drie kerke die Afrikaner se respek en simpatie verloor het as dit anders was?

'n Mens moet baie versigtig wees as jy die vraag probeer beantwoord. Sê jy ja, beteken dit dat party-politiek vir die Afrikaner belangriker is as kerkverband. Sê jy nee, het jou antwoord 'n dosyn ander implikasies.

### Verhewe

Wat my self betref—ek sal geruster voel die dag as ek daarvan kan oortuig word dat my Kerk en sy boodskap verhewe is bo partypolitieke belange. En ek sal tevrede wees die dag as ons

# GEWEEG EN ...?



kansels die algemene en vae en edel-klinkende waarhede ver-ruil vir spesifieke waarhede, al is daardie spesifieke waarhede politiek gesproke ongewild.

Die Kerk kan 'n deurslaggewende rol in die politiek speel sonder om ooit politiek te praat. 'n Regering is maar net aan bewind omdat sy volk hom verkies het, en wat 'n volk glo hang in 'n baie groot mate af van wat die Kerk hom laat glo.

Wat dink die Kerk van die Suid-Afrika van 1974?

Dis wat die gemeente wil weet.

—Die Vaderland, 4.6.74.

## THE CHARGE AGAINST RAVAN PRESS

It is now generally know that a charge was laid against Ravan Press and its three directors, Danie van Zyl, Beyers Naude and Peter Randall, under the Suppression of Communism Act for allegedly having published and disseminated the words of a banned person. The case was heard on May 16 and 17 in the Regional Court of Johannesburg and the trial was attended by two eminent international personalities the first being Prof. Luvern V. Rieke, professor of Law of the State of Washington as observer on behalf of the Lawyers' Committee for Civil Rights under the Law of Washington D.C. Prof. Rieke is also a member of the International Executive of the Lutheran World Federation and Chairman of the United States National Committee of the LWF.

The second personality was Rev. T. van Weelie, director of the World Diaconate of the Netherlands Reformed Church's General Diaconal Board.

On May 17 the case had to be adjourned until June 18 because two state witnesses could not be present. On June 18, after two members of the Security Branch had testified about each of them having purchased a copy of the publication concerned on July 3 and July 30, 1973 respectively, the advocate for the defence, Mr. J. Kriegler, applied for the discharge of the accused on the basis of his conviction that the wrong body (namely Ravan Press and its three directors) had been charged. According to the facts laid down before the court Ravan Press had printed and delivered to Spro-cas 3 500 copies

of the publication concerned on February 14, approximately 12 days before Paul Pretorius (the ex-President of Nusas whose words were alleged to have been published) was banned.

The magistrate adjourned the case until August 22 also indicating that he might call the case at an earlier date if the application for discharge were granted.

## THE SCHLEBUSCH TRIALS

One cannot blame the public in general and our members in particular if they become confused as to what exactly is now happening with all the Schlebusch trials. The facts in short are as follows:

1. In the case of the State vs. Beyers Naude the State has applied for leave to appeal against the judgment given in the Transvaal Supreme Court in favour of Dr. Naude. The date for this hearing in the Appellate Division in Bloemfontein has not been set but it is expected to take place within the next 2 to 3 months. This development took place after the appeal of Mrs. Dot Cleminshaw against her conviction under the same charge of having refused to testify before the Schlebusch Commission, was rejected in the same Division of the Supreme Court—thereby creating the very interesting situation of two conflicting judgments on the same issue.
2. In the meantime the dates for the cases against Theo Kotze and Peter Randall have been postponed from June 20 to October 21.
3. In the case of the State vs. James Moulder, through an unfortunate misunderstanding regarding the date of his appeal (which he is conducting himself) Mr. Moulder is now waiting to hear when the date for his appeal will be set.
4. Finally, according to a report in an Afrikaans daily, it is expected that the final Schlebusch report on Nusas as well as its report on the South African Institute of Race Relations, will be tabled

smith & abbot ink

RAND DAILY MAIL, Tuesday, June 4, 1974.



when Parliament re-convenes in August, whilst the report on the Christian Institute is not expected to be completed and presented before the parliamentary session of 1975.

In the meantime our work is proceeding as usual and we are involved in a number of exciting new ventures, fuller details of which will be published at a later date.

#### FLOGGINGS—SAP BLAMED BY BISHOP

NEW YORK—The flogging of political dissidents by tribal police in Owambo was done at the request of the South African Security Police, Bishop Leonard Auala of South West Africa, told a United Nations body yesterday.

The Bishop of the Evangelical Lutheran Owambo-Kavango Church told the UN council for "Namibia" that, contrary to claims made by the authorities in the territory, flogging was not a tribal custom.

Bishop Auala, who is about to end a one-month tour of the United States as the guest of the Lutheran Church here, testified at an open meeting of the council at UN headquarters.

He said political dissidents who had been detained without trial were handed over to tribal headmen who had been appointed to speak for the interests of the White community and were mouthpieces of the Government.

White security police asked the headmen to flog the dissidents, the bishop said.

Men and women were flogged publicly, some naked, and some so badly that they had to be taken by friends to hospital.

His church leaders sought a court injunction against the flogging. A court found that flogging was a tribal custom, Bishop Auala said.

"This is not true", he said. "It is not tribal custom."

The bishop said he had been secretary to a tribal chief who had held office for 30 years and he had never known the chief to flog people in public.

—*The Star*, 19.6.74.

#### SA DISSIDENTS ABROAD TOTAL 3 000—INSTITUTE

More than 3 000 "political dissidents" from South Africa are now living abroad, according to an Africa Institute analysis based on United Nations and Organisation of African Unity reports.

Of these 460 are said to be living in Zambia and 500 in Tanzania.

A spokesman from the Institute said this week "many of these people are involved in the terrorist onslaught on South Africa".

He said the latest reports on the number of South Africans who had left South Africa for political reasons had come from the United Nations High Commissioner for Refugees.

"We rely on these figures and believe they are the only statistics available", he said.

Other statistics quoted in the Institute's analysis were that

500 "political dissidents" from the territory were living outside South West Africa.

—*Rand Daily Mail*.

#### SCHOOL HEADS HIT AT BED

School principals and executive members of the ethnic school boards under the West Rand Administration Board have attacked Bantu Education and called for an immediate end to ethnic schools.

At a meeting attended by 26 people at Orlando West High on Tuesday night, there was a total rejection of the system of Bantu Education and a demand for full participation of the Black people in planning education.

A commission consisting of eight men was appointed to draw up a memorandum to the Regional Director of Bantu Education, demanding:

- The abolition of ethnic schools;
- Direct involvement of Blacks in the planning of education;
- An inquiry into the Standard VI, JC and matric examination results; and
- Stopping the local circuit inspectors from "interfering" in the administration of the schools.

The Rev. D.C.T. Nkwe, chairman Botswana North board said: "The division of the schools into ethnic groups was not our choice and we find ourselves trapped by processes we cannot control. The planning of our education has been politically orientated. It's more the work of a politician than that of an educationist."

Mr. P.N. Mehlape, principal of Madibane High said: "We are aware that our education was based on a policy which has proved wrong and if policies do not serve the people, they should not be put into operation. The present system only allows one-way communication—from the department, giving directives to the school boards. Yet these very boards are said to be autonomous."

He said Bantu Education was propagating racial conflict that resulted in serious scenes of tribal fighting between children of different ethnic groups.

—*Rand Daily Mail*, 28.2.74.

#### SINODE KEUR EMIGRASIE NA SA AF

DRIEBERGEN (Holland)—Die Sinode van die Nederlandse Gereformeerde Kerk het vandeeweek met 'n groot meerderheid vir 'n voorstel gestem wat lede van die kerk afraai om na Suid-Afrika te emigreer.

Die Sinode sê dat werk in Suid-Afrika al meer aan die swart bevolking gegee sal word, en nie aan blanke immigrante nie.

Net vyf lede het teen die voorstel gestem.

Die Sinode se raad vir bestuur en gemeenskap sê dit is Christene se plig om ongeregtheid, soos rassisme, te bestry. Die raad sê dat die Suid-Afrikaanse Regering, as deel van sy rassebeleid, beter betrekkinge vir blankes reserveer, en dit „loop in werklikheid uit op onderdrukking van die swart bevolking“.

—*Die Transvaler*, 22.2.74.

